# God het die wereld so lief gehad...

*God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. - Jon 3:16*

Hierdie boodskap, is eintlik die Bybel se boodskap van Genesis tot Openbaring. Dit is vir party mense moeilik om te glo dat God hulle so liefhet, maar Hy het.

God het gedink jy is waardevol genoeg om vir Jesus te stuur sodat jy verlos kan word. Hy het jou met 'n ewige liefde lief. Dank die Vader vir sy onuitspreeklike gawe. Jy is uit die mag van die duisternis gered en daardie selfde helder ster wat die sterrekykers Betlehem toe gelei het, skyn nou op jou om jou die pad aan te wys en jou die waarheid en die lewe te gee.



*Dankie, Vader, dat U u Seun na die wêreld gestuur het om vir ons die ewige lewe te gee. Gebruik my hierdie Kerstyd om ander te wys hoe U vir hulle liefhet. Gebruik my om vir ander mense tot seën te wees. Amen*


To God the Glory

**MOOT CHRISTIAN ACADEMY**

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

**At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:**

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.





*We serve the Community of God*

Contact us for an interview

**012-331-8274**

admin@mootchristianacademy.co.za

On the premises of NG Rietfontein Suid, C/o Ben Swart str. and 16th Avenue







# Die Rietfluit

DESEMBER 2011

## Die Christuskind bring lig!

Naby die Noorpool hou die nag sommer maande lank aan. Wanneer die mense verwag dat die dag uiteindelik gaan aanbreek, gaan boodskappers uit na die hoogste punt om te wag vir die eerste tekens van daglig om aan te breek. Met hul mooiste klere aan, omhels hulle mekaar wanneer die lig deurbreek en roep hard uit "aanskou die son!".

Vir eeue was die wêreld in donkerte van sonde en verlorenheid. Ten opsigte van die Jesuskind se geboorte het Sagaria uitgeroep: *Soos die môreson sal Hy opgaan en uit die hoogte op ons afstraal, om lig te bring aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, en om ons voetstappe te rig op die pad van vrede* (Luk 1:78,79).

Christus het vir ons lig en lewe gebring! Die duisternis is uit ons lewe verwyder en ons is uit die mag van die duisternis bevry. Ons is nou kinders van die lig! Deur Christus se koms het Hy ons lewe met hemelse lig kom vul. Jesus is nou die Lig van ons lewe! Jesus, die Lig, is om die waarheid te sê, nou ons lewe! Hy skyn in ons en deur ons.

Kersfees is vir ons 'n viering van die koms die Môreson wat in ons lewe kom skyn het! Ons roep dankbaar en juigend uit, op hierdie kersfees: *aanskou die Lig!!*

*Mag elke liggie hierdie feestyd jou herinner aan die GROOT Lig wat in ons lewe kom skyn het.*

'n Christus-skynende feestyd vir julle!

***Ds Leon van Heerden***



**Geseënde kersfees van die leraars, l**

***Mag die lig van die Christuskind jo***

- ***dat jy God se glimlag oor jou lewe sal raaksien***
- ***dat jy die liefdesarms van jou Verlosser om jou sal voel***
- ***dat Christus alles vir jou sal wees***
- ***dat Christus se lig deur jou, ook vir ander sal lig bring***
- ***dat jy saam met die hele gemeente sal uitsien na 'n skitterende 2012, waar Christus reeds vir ons wag om ons te seën.***

# !! ONTHOU DATUMS !!

- **9 Des:** Skole sluit
- **11 Des:** Doop
- **16 Des:** Geloftedag & Geloftediens @ 8:00
- **25 Des:** Kersdiens @ 8:00
- **30 Des:** Oujaarsdiens @18:00





Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze 072 111 3100, email - ilzedples@gmail.com


**c'nanru eiendomme**

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemark om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendomse waarde te verhoog
- Boedelwaardasies

Naómi

082-804-1200 012-331-0015






# TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE

Ds Jurgens de Jager het ons onlangs net weereens daaraan herinner hoe belangrik Omgeegroepe in werklikheid is en as die Here nie daar die ereplek beklee nie, is dit niks anders as 'n doodgewone vergadering nie.

'n Paar kernpunte van sy bespreking kan ons as volg saamvat:

Gemeentes kan verlam word deur toeskouers wat die "liggaam" gebreklik maak. Is dit nie dalk die rede waarom ons nie soos Jesus lyk nie? Ons is kosbaar, maar onbekend vir wie ons moet wees. Die een kan nie sonder die ander in die gemeente nie – niemand is belangriker as 'n ander nie. Ons is tog nie "liggaam" van Christus – afsonderlik deel daarvan.

God het ons inter-afhanklik gemaak. Ons het mekaar nodig. Lede in 'n liggaam doen dinge saam en elkeen moet sy deel doen.

Omgeegroepe is 'n voertuig waar die voorbeeld van Jesus Christus praktiese ingeoefen en uitgeleef kan word. Die beweging van die Heilige Gees en betrokkenheid vind hier plaas.

Die "liggaam" van Christus, die kerk, is soos 'n voël met twee vlerke, die een is die omgeegroepe en die ander die erediens. Sonder dit kan ons nie opstyg om waarlik kerk te wees nie.

Mag ons opnuut in 2012 die belangrikheid van Omgeegroepe insien en ook beleef. Jesus is immers die Stigter van die eerste "Omgeegroep".

***"'N EFFEKTIEWE GEMEENTE HET EFFEKTIEWE OMGEEGROEPE – Ds Jurgens de Jager"***

Omgeegroepe

Ons gee om.

***Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:***

***Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591***